

“Die EK IS... uitsprake in evangelie van Johannes!”

Maandag 31 Mei 2021

Vir die volgende paar weke gaan ons kyk hoedat God en Jesus Christus hulleself aan ons openbaar in die” **“EK IS...”** uitsprake in die Bybel.

Ons kan vra, maar: **Hoekom is dit nodig dat ons dit behandel?**

- Ons ken mos God die Vader as ons skepper en onderhouer.
- Ons ken mos Jesus Christus as ons Verlosser, Saligmaker.
- Ons ken die Heilige Gees as ons Trooster wat in ons woon en bly.

Maar God openbaar Homself aan ons sodat ons nog meer vertrous en versterk in hierdie lewe kan wees.

Het jy ook al die vrae gehoor: Waar is God, dat Hy ons dan nie van die Covid virus bewaar nie? Waar is God wat sonde toelaat? Hoekom het God dan toegelaat dat daar oorloë hongersnood, selfmoord, egskedings ens. is.

So het God aan Abraham belowe dat hy ‘n groot nageslag sal hê wat in Kanaän sal bly. Maar nou was daar ‘n droogte en hongersnood in Kanaän en moes Josef en sy hele familie na Egipte verhuis om te oorleef. En nou is hulle slawe in Egipte. Eers was hulle vry en nou is hulle slawe.

Is dit nie wat in Suid Afrika ook aan die gebeur is nie? Eers was Suid Afrika ‘n welvarende land, ‘n land onder die 20 welvarendstes in die wêreld. Nou het Suid Afrika “Rommelstatus” bereik. Waarheen is die land heen op pad? Waar is God wat ons moet bewaar?

Israel het byna dieselfde lot gehad net nog baie erger in Egipte.

Israel is uit Kanaän na Egipte vanweë hongersnood. Daar het hulle slawe geword. Hulle het gekerm en gekla en God het hulle gekla gehoor. En God roep en stuur vir Moses om die volk uit Egipte te lei!

- En Moses moet vir Israel sê Wie hom gestuur het!
- Sal hulle glo dit is die Almagtige God?
- **En God sê Moses moet aan die volk sê: Ex 3:14** “En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS.** Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS het my na julle gestuur.**”

God verduidelik wat sy Naam beteken.

God OPENBAAR Homself aan Moses en aan Israel.

God sê **“EK IS WAT EK IS!”**

Dit beteken dat God is betroubaar. God is onveranderlik. Onveranderlik beteken juis dat God betroubaar is. Ons kan op God staatmaak. Al verstaan ons nie altyd alles nie. God bly dieselfde God. Dit is ons wat verander. Dit is ons wat vir onself leef en God vergeet. Ons kan ook vandag op God staatmaak.

God het Israel uit Egipte verlos en gelei. Vir 40 jaar deur die woestyn, maar hulle het Kanaän binnetrek. Hulle het swaar gekry, maar God het getrou gebly.

God, “EK IS WAT EK IS...” lei ons vandag ook nog.

Al kry on sook hoe swaar. Al gaan dit swaar in die land. Al het ons Rommelstatus bereik. God is by ons en lei ons, wat Hy is betroubaar, Hy is wat Hy is. Hy bly altyd dieselfde van geslag tot geslag.

Ook aan ons is die hemel, die ewige Kanaän, belowe. Ons wat in Jesus Christus glo sal ook eendag in die hemel kom. Dit is belowe en Jesus Christus het reeds vir ons daar plek gaan voorberei. Maar ons trek nog deur die geestlike woestyn wat ook ‘n fisiese swaarkry is. Alles op aarde is nie rosegeur en maanskyn nie. Ons kry swaar omdat ons God vergeet het. Maar daarom openbaar Jesus Christus Homself met **sewe Ek is** uitsprake om ons te vertroos en te versterk. Hy openbaar Homself in die evangelie van Johannes met sewe Ek is uitsprake. Dit is wat ons gaan behandel vir die volgende paar kere.

Sewe “Ek is....” uitsprake in die evangelie van Johannes.

Joh 6:35 “Ek is die brood wat die lewe gee.”
Joh 8:12 “Ek is die lig vir die wêreld.”
Joh 10:7-9 “Ek is die ingang vir die skape.”
Joh 10:11-14 “Ek is die goeie herder.”
Joh 11:25-26 “Ek is die opstanding en die lewe.”
Joh 14:6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.”
Joh 15:1,5 “Ek is die ware wingerdstok en my vader is die boer.”

Daarna gaan ons na nog drie “Ek is” Uitsprake in die boek Openbaring kyk.

Open 22:12 “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die einde.”
Open 22:16a “Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid”
Open 22:16b “Ek is die helder môrester.”

Mag ons almal versterk en vertroos word deur hierdie reeks dat Jesus Christus vir ons die brood, die lig, die ingang na die hemel, die goeie herder, die opstanding, die ewg en die waarheid en die ware wingerdstok is.

Ds Gerrit Kruger; Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595; gskruger1@gmail.com

Bronne

Coetzee. C.(red) 1984 Quo Vadis? <http://www.cjbf.co.za/uitreik/quovadis/qv185.pdf>

Daar is 'n klomp Ek is... uitsprake van Jesus Christus

Ex 3:14-15 “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israëliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”

Sewe “Ek is...” uitsprake in Johannes.

Joh 6:35 “Ek is die brood wat die lewe gee.”

Joh 8:12 “Ek is die lig vir die wêreld.”

Joh 10:7-9 “Ek is die ingang vir die skape.”

Joh 10:11-14 “Ek is die goeie herder.”

Joh 11:25-26 “Ek is die opstanding en die lewe.”

Joh 14:6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.”

Joh 15:1,5 “Ek is die ware wingerdstok en my vader is die boer.”

Drie “Ek is...” uitsprake in Openbaring.

Open 22:12 “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die einde.”

Open 22:16a “Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid”

Open 22:16b “Ek is die helder môrester.”